Woensdag **14 Februarie**

**Skrifgedeelte: Lukas 15:1-7**

**Fokusgedeelte: Lukas 15:1-2**

**Meng jou met die semels ... dalk kom hulle tot bekering**

Die eerste twee verse dien eintlik as inleiding, motivering vir die drie gelykenisse oor die verlore skaap, muntstuk en seun. Tot groot onsteltenis van die Fariseërs en Skrifgeleerdes, meng Jesus met die sondaars, Hy eet selfs saam met hulle, wat daarop dui dat Hy met hulle assosieer! Opmerklik is dat die tollenaars en sondaars vrymoedigheid gehad het om te kom, en inderdaad self gekom het. Hulle is dus nie skepties ontvang of op 'n afstand gehou nie.

Hoe gaan mense die evangelie hoor en God se herstellende liefde in Christus beleef as jy nie met hulle kontak het, hulle in jou leefruimte toelaat nie? Ons geniet soms so die gemaklikheid van die onderlinge kuddegevoel van medeskapies dat ons die verlore een uitsluit. Ons wil soms net assosieer met hulle wat soos ons die Here dien en binne ons oortuigingsraamwerk inpas. Maar dit is nie wat ons by die Here sien nie. Hy is juis besorg oor daardie een wat wegdwaal, daardie een wat nie deel van die kudde is nie. Hy maak bemoeienis met hulle en gaan soek die verlore skaap.

Natuurlik moet ons ook raaksien dat die sondaars na Jesus kom luister het. Ons sien tog iets daarvan dat Jesus die gesprek en die rigting van die byeenkoms bepaal het. Ons moet uitreik na ander, hulle werklik liefhê, hulle innooi, maar ons kan nie hulle volg en word soos hulle nie. Die doel is dat hulle teruggebring word na die kudde, nie dat ons weg verlei word na verkeerde paaie nie. Indien ons deur hulle beïnvloed word, moet ons sekerlik nie meer daar wees nie.

Wat is die naam van die persoon wat jy tans met God se opsoekende liefde gaan haal?

Sing: Psalm 119-1:63

Ds. CJ (Johan) van Heyningen (Stellenbosch)